

TRUSTS INDIENING 2025/2026

Tshwane, 11 September 2025 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) herinner trustees en die publiek aan die amptelike indieningseisoen vir trusts wat vanaf 20 September 2025 tot 19 Januarie 2026 duur.

Alle trusts moet jaarliks 'n belastingopgawe indien, insluitend dié wat nie ekonomies aktief is nie. 'n Trust word ingevolge die Wet op Inkomstebelasting, nr. 58 van 1962, ingesluit onder die omskrywing van 'n "persoon" en word dus as 'n belastingpligtige beskou. 'n Trustee is die verteenwoordigende belastingpligtige van 'n trust en is aanspreeklik om namens die trust in te dien of om 'n geregistreerde belastingpraktisyn aan te wys om dit te doen.

'n Voorlopige belastingpligtige is enige persoon wat inkomste ontvang, of aan wie inkomste toeval, anders as besoldiging. Trustees moet bewus wees van die vereistes om voorlopige belastingopgawes in te dien. Trustees word verder ook verplig om 'n IT3(t)-derdeparty-dataopgawe in te dien wat besonderhede verskaf van bedrae wat aan begunstigdes gevestig is. Hierdie opgawe moet teen 30 September 2025 ingedien word. Vir verdere besonderhede, besoek asseblief SARS se webwerf.

Trustees moet hul opgawes en verpligte stawende dokumente gedurende die indieningstydperk indien. Hierdie dokumente sluit in: die trustakte, jaarlikse finansiële state, volmagte, resolusies/notules van trusteesvergaderings, asook 'n organogram wat die voordelige eienaarskap van die trust uitbeeld. Daarbenewens moet begunstigdes van trusts ook hul inkomste, insluitend inkomste uit 'n trust, in hul persoonlike inkomstebelastingopgawes verklaar.

SARS het dit maklik gemaak vir belastingpligtiges om aan hul verpligtinge te voldoen deur middel van aanlyn indiening. Die persoonlike inkomstebelastingopgawe (ITR12) en trustinkomstebelastingopgawe (ITR12T) is op eFiling beskikbaar. Alternatiewelik kan 'n afspraak om 'n SARS-dienssentrum te besoek op die SARS-webwerf gemaak word. Neem asseblief kennis dat daar spesifieke vereistes is indien jy jou belastingopgawe by 'n SARS-dienssentrum wil indien. Belastingpligtiges word aangemoedig om die SARS-webwerf te raadpleeg vir verdere inligting oor hul belastingverpligtinge, insluitend trusts en voorlopige belasting.

SARS volg 'n beleid van geen verdraagsaamheid teenoor belastingpligtiges wat nie registreer vir die toepaslike belasting nie, nie belastingopgawes indien nie, inkomste onakkuraat verklaar, of hul belastingaanspreeklikheid nie betaal nie. Nie-nakoming van hierdie verpligtinge is 'n misdryf en sal boetes en rente tot gevolg hê.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE